# Krygsgevangeneskap in Indië in die kollig

**Chris Schoeman, *Vegter en Balling: Boereoorlog-Ervarings van Veldkornet Charles von Maltitz***

Tafelberg, Kaapstad, 2013
221 pp
ISBN 978-0-624-05693-5
R160.00

In die loop van die Anglo-Boereoorlog van 1899 tot 1902, is ongeveer 30 000 Boere en bondgenote (Kaapse en Natalse rebelle, en buitelandse vrywilligers) deur die Britse leër in Suid-Afrika krygsgevange geneem, terwyl ten minste nog 18 000 Boere hulle vrywillig aan die Britte oorgegee het (die sogenaamde hendsoppers/"hands-uppers"). Die hendsoppers kon na hul huise terugkeer, maar meer as 5 000 het met verloop van tyd besluit om as "joiners" by die Britse leër aan te sluit en téén hul voormalige republikeinse medeburgers te veg ten einde die oorlog so gou as moontlik te beëindig. Die krysgevangenes daarenteen, is aanvanklik na krygsgevangenekampe in die Kaapkolonie en Natal gestuur, van waar die meeste weldra na kampe in oorsese Britse kolonies weggevoer is. Hierdie kampe was in Indië, Ceylon (die huidige Sri Lanka), Bermuda en St. Helena.

Charles Francois Roos von Maltitz (8 Maart 1869 – 25 April 1929) was een van die groot aantal Boere-krygsgevangenes wat hom met verloop van tyd in die Trichinopoly-kamp in Indië bevind het. Ten einde verveling teen te werk, het die gevangenes hulleself met allerlei aktiwiteite besig gehou, insluitende die maak van ornamente en/of om dagboek te hou. 'n Hele aantal van dié dagboeke het behoue gebly en word onder meer in argief- en ander bewaarplekke gehou. Tot dusver is nie baie van dié manuskripte gepubliseer nie. Kyk egter wel O.J.O. Ferreira (red.),

*Krijgsgevangeneskap van L.C. Ruijssenaers 1899–1902* (Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1977); M.C.E. van Schoor (red.), "The Diaries and Recollections of Jacob Abraham Jeremias de Villiers", in die *Christiaan de Wet-annale* 8, 1990, pp 2–106; en A.W.G. Raath (red.), "Ahmednagarfort, Indië: Herinneringe en Dagboeke" in die *Christiaan de Wet-annale* 9, 1997, *passim*.

Charles von Maltitz was een van dié Boere-krygsgevangenes wat dagboek gehou het, en wel vanaf 14 November 1900 (toe hy nog in die Groenpunt-krygsgevangekamp in Kaapstad aangehou is). Sy dagboek beslaan 230 handgeskrewe bladsye en word in die argief van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein bewaar. Vir dekades het dié dagboek grotendeels vergete daar bly lê, waarskynlik onder meer omdat die handskrif moeilik leesbaar is en daar dus ook geen getikte transkripsie van die teks bestaan nie. En toe bekom Chris Schoeman 'n gefotostateerde kopie van die Von Maltitz-dagboek, danksy die toedoen van 'n kleindogter van Von Maltitz.

Chris Schoeman het die waarde van die dagboek besef en besluit om dit as basis vir 'n boek oor Charles von Maltitz se ervaringe as veldkornet te velde, en later as krysgevangene te gebruik. Schoeman is die ideale persoon om Von Maltitz se oorlogs- en krygsgevangene-ervarings aan die vergetelheid te ontruk en op 'n toeganklike wyse aan die breër publiek beskikbaar te stel. Hierdie oudjoernalis en deurwinterde skrywer het reeds talle besondere publikasies die lig laat sien, insluitende *Boerseun: Memoirs van 'n Anglo-Boereoorlogseun* (Kaapstad: Zebra Press, 2010); *Broers in die Stryd: Hollanders in die Anglo-Boereoorlog* (Kaapstad: Zebra Press, 2011); *District Six: The Spirit of Kanala* (Kaapstad: Human & Rousseau, c. 1994); sportboeke soos *Losskrums en Loopdoppe* (Kaapstad: Human & Rousseau, 1999) en *Boots en Brannewyn* (Kaapstad: Zebra Press, 2010) (humoristiese rugbystories saam met Frik du Preez); en medeskrywer van (outo)biografieë van rugbylegendes soos Frik du Preez en Os du Randt, asook die internasionale krieketskeidsregter, Rudi Koertzen. In *Vegter en Balling: Boereoorlog-Ervarings van Veldkornet Charles von Maltitz* doen Schoeman sy reputasie as goeie navorser en skrywer gestand.

In die inleiding tot die boek oor Von Maltitz, skets Schoeman die agtergrond tot, en aard en omvang van, die dagboek wat Von Maltitz tydens die oorlog gehou het. Daarna verskaf Schoeman 'n oorsig van Von Maltitz se familiegeskiedenis, tot op die vooraand van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (hoofstuk 1). Dan, in hoofstukke 2–13, wat uiteraard die grootste deel van die publikasie uitmaak, vertel Schoeman van die wel en wee van Charles von Maltitz tydens die oorlog, hoofsaaklik na aanleiding van die krygsgevangene-dagboek (hoofstukke 5–13). Die leser volg Von Maltitz vanaf sy tuisdorp (Ficksburg, in die Oos-Vrystaat) na die oorlogsfront. As assistent-veldkornet in die Ficksburg-kommando doen hy aanvanklik diens aan die Basotholand-grens en dan, as veldkornet, aan die Colesberg-front en aan die Kimberley-front. As hoofveldkornet en assistent-kommandant van die Ficksburg-kommando, het Charles die deurslaggewende krygsraadvergadering in Kroonstad op 17 Maart 1900

bygewoon, waar die Boerebevelvoerders besluit het om tot guerilla-oorlogvoering oor te gaan. Vervolgens het Von Maltitz onder meer by Sannaspos, Mostertshoek, Wepener, Biddulphsberg en Lindley aan gevegte deelgeneem. Daarna het hy hom saam met lede van talle kommando's in die Brandwaterkom (tussen Fouriesburg en die huidige Clarens) bevind, waar genl. Marthinus Prinsloo se leër – sonder dat enige weerstand gebied is – vanaf 30 Julie tot 9 Augustus 1900 aan die Britte oorgegee het; in totaal 4 314 burgers, drie generaals en nege kommandante, plus drie kanonne, sowat 2 800 beeste, 4 000 skape, 5 500 perde en twee miljoen rondtes geweer-ammunisie.

Schoeman vertel vervolgens van Von Maltitz se ervaringe as krygsgevangene, met 'n groot aantal direkte aanhalings (in moderne Afrikaans oorgeskryf) uit Von Maltitz se dagboek. Só volg die leser dus vir Von Maltitz vanaf die Brandwaterkom na die Groenpunt-krygsgevangenekamp; van daar na die Bellevue-kamp in Simonstad (Maart 1901) en uiteindelik (in November 1901) aan boord die SS *Armenian* na Indië, waar hy die res van die oorlog in die kamp by Trichinopoly deurbring. Sy dagboek – en Schoeman se verdere inkleding uit 'n verskeidenheid ander geraadpleegde bronne – skets 'n boeiende beeld van die lewe as 'n krygsgevangene; iets wat ook waar is van die ervaringe van sovele ander burgers en offisiere wat in ander krygsgevangenekampe aangehou is. Daar word op onderhoudende wyse vertel van fisieke ontberings en emosionele swaarkry; van dié dinge wat gevangenes deur moeilike tye gedra het; van siekte en dood; lojale ondersteuning, maar ook van ontrouheid (aan die kant van medegevangenes, maar ook van Boerevroue).

Schoeman/Von Maltitz beskryf gewaagde ontsnappingspogings, konflik tussen die onversetlike republikeine ("bittereinders"-in-gevangeneskap) en die pro-Britse Afrikaners. Von Maltitz se skerp insig en raak waarnemings bied inderdaad 'n unieke blik op die alledaagse lewe in die krygsgevangenekampe. Sy besondere humorsin sorg ook vir kostelike beskrywings en dit is hierdie humorsin wat hom ook red wanneer sy poging om te ontsnap misluk, en hy vervolgens vir etlike weke lank in eensame aanhouding is. En dit alles te midde van die eensaamheid, frustrasies en bekommernisse wat gepaardgaan met die maande en later jare se afskeidinge van familie – en van jou plaas en vaderland.

Charles von Maltitz se merkwaardige dagboek verdien om, danksy Chris Schoeman se speurwerk, navorsing en rekonstruksie van die verhaal van 'n Boerekryger, 'n tweede lewe gegun te word. Die boek lees gemaklik en behoort dus by die algemene leserspubliek aanklank te vind. Vir die ernstige navorser is daar ook die 437 eindnote (wat meesal na die oorspronklike dagboek verwys, maar wat ook ander bronverwysings en addisionele inligting bevat), asook 'n bronnelys en indeks. Die fotoseksie bevat 23 toepaslike foto's wat die teks toelig. Chris Schoeman se *Vegter en Balling: Boereoorlog-Ervarings van Veldkornet Charles von Maltitz* is 'n welkome toevoeging tot die historiografie van die Anglo-Boereoorlog, sal hopelik wyd gelees word, en kan beslis 'n bydrae lewer tot nog meer debat

oor hierdie ingrypende en traumatiese konflik in die veelbewoë geskiedenis van Suid-Afrika.

*André Wessels*
*Universiteit van die Vrystaat*